Tussenresultate Persverklaring vir Remgro Beperk

(Remgro)

DIE MEESTE VAN REMGRO SE BELEGGINGS LEWER BEVREDIGENDE VERDIENSTEGROEI

- Wesensverdienste per aandeel (uitgesluit Mediclinic herfinansieringskoste) en wesensverdienste per aandeel neem met 20.5% en 126.6%, onderskeidelik tot 712.5 sent toe
- Tussendividend per aandeel vir die tydperk neem met 7.6% tot 156 sent toe
- Intrinsieke netto batewaarde per aandeel neem met 13.0% vanaf R204.83 (30 Junie 2013) tot R231.41 (31 Desember 2013) toe

Oorsig

Remgro rapporteer 'n bevredigende stel tussenresultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2013 met die meeste van die kategorieë wat goeie verdienste groei toon. Die resultate van die voedsel, drank en huishoudelike sorg beleggings reflekteer die kompeterende handelsomgewing en onderdrukte ekonomiese toestande wat hierdie marksektore beïnvloed het.

Met ingang van 1 Julie 2013 het Remgro IFRS 10: Gekonsolideerde Finansiële State en die gewysigde IAS 19: Werknemersvoordele, geïmplementeer. Beide hierdie rekeningkundige standaarde is terugwerkend toegepas en gevolglik is die finansiële resultate van beide die tydperke geëindig 30 Junie 2013 en 31 Desember 2012, hersaamgestel.

Vir die tydperk onder oorsig het wesensverdienste met 126.2% vanaf R1 617 miljoen tot R3 657 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel met 126.6% vanaf 314.5 sent tot 712.5 sent toegeneem het.

Met die uitsluiting van die uitwerking van die eenmalige items wat met die Mediclinic herfinansieringstransaksie verband hou, het wesensverdienste egter met 20.3% vanaf R3 040 miljoen tot R3 657 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel met 20.5% vanaf 591.3 sent tot 712.5 sent toegeneem het, soos in die tabel hieronder aangetoon.

Bydrae tot wesensverdienste:	**Ses maande 31 Desember 2013 (R'miljoen)**	**Verandering %**	**Ses maande 31 Desember 2012 Hersaamgestel (R'miljoen)**	**Jaar 30 Junie 2013 Hersaamgestel (R'miljoen)**
Voedsel, drank en huishoudelike sorg	**839**	*(3.6)*	870	1 123
Bankwese	**1 200**	*22.0*	984	2 077
Gesondheidsorg	**622**	*154.9*	(1 132)	(491)
Versekering	**426**	*25.3*	340	666
Nywerheid	**446**	*43.9*	310	548
Infrastruktuur	**69**	*(14.8)*	81	196
Media en sport	**55**	*5.8*	52	119
Ander beleggings	**35**	*34.6*	26	57
Sentrale tesourie	**36**	*(70.0)*	120	3
Ander netto korporatiewe koste	**(71)**	*(108.8)*	(34)	(102)
Wesensverdienste	**3 657**	***126.2***	**1 617**	**4 196**
Mediclinic herfinansieringskoste	-	-	1 423	1 312
Wesensverdienste (uitgesluit Mediclinic herfinansieringskoste)	**3 657**	***20.3***	**3 040**	**5 508**

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 13.0% tot R231.41 op 31 Desember 2013 (30 Junie 2013: R204.83) toegeneem.

Kontant by die kern het met R183 miljoen tot R2 916 miljoen op 31 Desember 2013 toegeneem. Die nuwe beleggings beloop R302 miljoen en is hoofsaaklik gemaak in die Milestone China Opportunities Fund III van R201 miljoen, die PGSI regte-aanbod van R19 miljoen en kleiner beleggings in verskeie ongenoteerde beleggings van R82 miljoen.

Oorsig

Voedsel, drank en huishoudelike sorg

Die bydrae van voedsel, drank en huishoudelike sorg tot Remgro se wesensverdienste het R839 miljoen bedra (2012: R870 miljoen), 'n afname van 3.6%. Hierdie afname is hoofsaaklik die gevolg van laer bydraes van RCL Foods en TSB. RCL Foods, wat R10 miljoen tot wesensverdienste bygedra het (2012: R39 miljoen), se resultate word steeds negatief beïnvloed deur goedkoop mededingende hoenderinvoere en stygende insetkoste. Foodcorp het R249 miljoen tot RCL Foods se bedryfswins gedurende die tydperk onder oorsig bygedra. Foodcorp se verdienste is egter wesentlik beïnvloed deur 'n ooreenstemmende R249 miljoen aanpassing aan die waarde van sy euro-gedenomineerde skuld en verwante verskansingsinstrumente weens die verswakking van die rand. TSB se bydrae tot wesensverdienste was R192 miljoen (2012: R263 miljoen). TSB se resultate is negatief beïnvloed deur laer plaaslike verkoopsvolumes en laer marges wat gerealiseer is weens die negatiewe uitwerking van verhoogde suikerinvoere. Unilever se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 1.1% tot R280 miljoen (2012: R277 miljoen) toegeneem. Distell se bydrae tot wesensverdienste, wat die belegging in Capevin Holdings insluit, het R357 miljoen (2012: R291 miljoen) bedra. Gedurende April 2013 het Distell vir Burn Steward Distillers Limited verkry en ingesluit in sy resultate vir die ses maande tot Desember 2013 is 'n gunstige hermeting ten bedrae van R159 miljoen van die voorwaardelike teenprestasie wat met die verkryging betaalbaar is. Uitgesluit hierdie hermeting, sou Distell se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 4.5% tot R304 miljoen toegeneem het.

Bankwese

Die bydrae van die bankafdeling tot wesensverdienste het R1 200 miljoen (2012: R984 miljoen) bedra, 'n styging van 22.0%. Beide FirstRand en RMBH het goeie wesensverdienste-groei van 21.0% en 22.4% onderskeidelik gerapporteer, hoofsaaklik weens sterk operasionele resultate deur FNB en RMB.

Gesondheidsorg

Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste was 'n wins van R622 miljoen (2012: R1 132 miljoen verlies). Hierdie toename in winste was hoofsaaklik weens die uitwerking van die eenmalige items wat met die Mediclinic-herfinansieringstransaksie in die vergelykende tydperk, waarna vroeër verwys is, verband hou. Uitgesluit hierdie eenmalige items, sou Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 113.7% vanaf R291 miljoen toegeneem het, hoofsaaklik weens die positiewe uitwerking van sy herfinansieringstransaksie, sowel as 'n eenmalige verstreke dienskoste-krediet van R172 miljoen, wat verband hou met sy aftreevoordele verpligtinge.

Versekering

RMI Holdings is die enigste belegging wat onder versekeringsbelange gerapporteer word. RMI Holdings het 'n toename van 25.3% in wesensverdienste gerapporteer, met al drie bedryfsplatforms, naamlik Discovery, MMI Holdings en OUTsurance wat goeie verdienstegroei van onderskeidelik 35.2%, 28.3% en 20.0% behaal het.

Nywerheid

Total South Africa se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R123 miljoen (2012: R146 miljoen) bedra. Die afname in Total South Africa se bydrae tot Remgro se wesensverdienste is hoofsaaklik toeskryfbaar aan 'n toename in sy voorsiening vir terrein rehabilitasie, sowel as laer gunstige voorraadherwaardasies as in die vergelykende tydperk. Remgro se deel van die resultate van KTH het R93 miljoen (2012: R34 miljoen) bedra. KTH se resultate is in die vergelykende tydperk negatief

beïnvloed deur die ongunstige billike waarde aanpassing wat verband hou met sy belegging in Exxaro Resources Beperk. Air Products en Wispeco se bydraes tot wesensverdienste het onderskeidelik R114 miljoen en R53 miljoen (2012: R91 miljoen en R29 miljoen) bedra, terwyl PGSI R63 miljoen tot Remgro se wesensverdienste bygedra het (2012: R10 miljoen).

Infrastruktuur

Grindrod se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R45 miljoen bedra (2012: R57 miljoen). Hierdie afname was hoofsaaklik weens die verhandelingsafdeling se vertoning wat negatief beïnvloed is deur swak resultate in die landbousektor. Vir die tydperk onder oorsig het die CIV groep R28 miljoen tot wesensverdienste bygedra (2012: R34 miljoen). SEACOM het ’n wesensverlies van R32 miljoen vir die tydperk onder oorsig gerapporteer (2012: R30 miljoen verlies). Remgro se deel van hierdie verlies was R8 miljoen (2012: R7 miljoen).

Media en sport

Media- en sportbelange bestaan hoofsaaklik uit die belange in Sabido en Premier Team Holdings (PTH). Sabido se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R79 miljoen (2012: R78 miljoen) bedra. PTH se bydrae tot wesensverdienste was ’n verlies van R23 miljoen (2012: R20 miljoen verlies).

Ander beleggings

Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het R35 miljoen (2012: R26 miljoen) bedra, waarvan Business Partners se bydrae R17 miljoen (2012: R13 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste

Die bydrae deur die sentrale tesourie-afdeling het R36 miljoen (2012: R120 miljoen) bedra. Hierdie afname was hoofsaaklik as gevolg van buitelandse wisselkoerswinste van R59 miljoen in die vergelykende tydperk met die verskansing van die repatriasie van ’n gedeelte van Remgro se buitelandse kontant. Ander netto korporatiewe koste het R71 miljoen (2012: R34 miljoen) bedra. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van die netto na-belaste onderskrywingsfooi van R46 miljoen wat ingevolge die Mediclinic-regteaanbod in die vergelykende tydperk ontvang is.

Tussendividend

Vir die ses maande geëindig 31 Desember 2013, is ‘n tussendividend per aandeel van 156 sent verklaar uit inkomstereserwes ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde. Hierdie verteenwoordig ‘n 7.6% toename vanaf die tussendividend verklaar vir die ses maande geëindig 31 Desember 2012 van 145 sent per aandeel.

Gevolgtrekking

Jannie Durand, hoofuitvoerende beampte van Remgro, sê dat ten spyte van die uitdagings wat die meeste van hulle beleggings in die gesig staar, is hy tevrede dat die verklaarde strategieë en besigheidsstandaarde van hierdie besighede bevredigend is. Remgro se eie strategie om aandeelhouerswaarde oor die medium- en langtermyn te realiseer, bly die hoof fokuspunt van die groep.

Kontak:	**Remgro Beperk** **Jannie Durand ((021) 888-3253)**
Uitgereik en versprei deur:	**Keyter Rech Investor Solutions** **Marlize Keyter (083 701 2021)**
Uitreikingsdatum:	**18 Maart 2014**
JSE kode:	**REM**

Webwerf: www.remgro.com